DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
BESTUURSKOOL

MPhil in Bestuursafrigting



USB
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool

UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

EFMD
EQUIS
ACCREDITED

Accredited by
Association
of MBAs

INHOUD

Voorwoorde 1

Waarom is bestuursafrigting nodig? 4

Op wie is hierdie graad gerig? 4

Meer oor die program 5
- Onderskeidende kenmerke 5
- Leerfilosofie 5
- Leeruitkomste 5
- Programformaat 6
- Datums 6
- Dosente 6
- NKR-vlakke 6
- Onderrigtaal 6

Struktuur en inhoud 7

Wat moet voornemende student nóg weet? 8
- Toelatingsvereistes 8
- Assessering en erkenning van vorige leer 8
- Krediete 8
- Studiemateriaal 8
- Aanvang van akademiese jaar 8
- Sperdatum vir aansoeke 8

Hoe om aansoek te doen 9
- Kort oorsig 9
- Skryf 'n essay 9
- Aansoekproses 9
- Checklist for documentation 9
- Wat gebeur nadat jy jou aansoek ingedien het? 9

Programgelde 10

Meer oor die USB 11
- Die kampus op die koppie 11
- Portefeulje van akademiese programme 11
- Akkreditasie, lidmaatskap en erkenning 11
- Internasionale samewerking 11
- Betrokkenheid by die samelewing 11
- Kritiese denke 11
- Fasiliteite 11
- Ondersteuningsdienste 12
- Akkommodasie 12

Kontakbesonderhede 13

VOORWOORD DEUR DIE REKTOR

Die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) het as deel van die meer as honderd-jaar-oue Universiteit van Stellenbosch sy eie trotse tradisie oor meer as 45 jaar opgebou.

Die Skool het daarin geslaag om homself as een van die top MBA-verskaffers in Suid-Afrika te vestig. Die USB het terselfdertyd die erkenning van die internasionale bestuurskoolgemeenskap verwerf en werk saam met 75 skole wat elke vasteland verteenwoordig.

Die Skool geniet die status van internasionale EQUIS- en AMBA-akkreditasie – iets wat net vir 'n paar skole in die wêreld gereserveer word. Die USB se MBA is ook plaaslik deur die Suid-Afrikaanse Raad op Hoër Onderwys geakkrediteer, en in Afrika deur die Vereniging van Afrika-bestuurskole (AABS). Die USB verskyn gereeld onder die voorste bestuurskole op ranglyste en ander erkenningslyste.

Die Universiteit is trots op die toenemende internasionale status wat sy Bestuurskool in die bestuursopleidingsarena geniet. Die Skool het homself die afgelope paar jaar as 'n vooraanstaande verskaffer van bestuurders en leiers vir Suid-Afrika, die Afrika-vasteland en die wêreld verskans. Dit sluit aan by die visie van die Universiteit van Stellenbosch om homself tot 'n uitwaartsgerigte rol in Suid-Afrika, Afrika en die wêreld te speel.

Dit is dus geensins 'n verrassing dat die USB 'n gewilde keuse onder plaaslike en internasionale studente is nie.

Prof Russel Botman
Rektor en Visekanselier
Universiteit van Stellenbosch

VOORWOORD DEUR DIE DIREKTEUR

Jou pad na hoëvlak-sakevaardighede begin met 'n graad by die USB. Ons werk is om jou te help om die kennis, vaardighede en perspektiewe te bekom wat jare lank aan jou professionele gesag in senior poste in jou voorkeurveld sal gee.

Wat jy uiteindelik van sakeopleiding wil hê, is om iemand te word wat as uiters bevoeg deur jou kliënte, direkteure en professionele kollegas beskou word. Dit is die vaardighede wat ons graag wil ontwikkel. Jy moet uiteraard verwag om die grondbeginsels van jou dissipline onder die knie te kry: die USB se kursusse dek al die basiese vaardighede. Jy moet verwag om hard hieraan te werk want dit sal jare lank die onderbou van jou uitsette vorm. Maar ons vra baie meer as bloot harde werk van jou. Ons moedig jou ook aan om jou verstand op 'n dieper en meer kritiese vlak in te span – die USB is 'n bestuurskool met internasionale status en ons is ernstig oor jou ontwikkeling. Jou sukses hang af van hoe jy dink én wat jy weet.

En dit is moontlik. Jou medestudente sal jou help en ons sal jou ondersteun. As jy die vermoëns wil bekom om 'n suksesvolle entrepreneur, maatskappydirekteur, beleidmaker of veranderingsagent te wees ... wel, soos die antieke Grieke gesê het: "Daar is nie 'n maklike weg nie".

Tog is dit pret en die moeite werd. Om met dosente te werk wat die teorie ken en terselfdertyd die werk in die praktyk gedoen het (en in talle gevalle op die hoogste vlak as beleidmakers, menslikehulpbrondirekteurs of uitvoerende hoofde), is uitdagend en opwindend. Om jouself te strek om groter en beter te word as wat jy tans is, is 'n uitdaging. Maar dit is 'n fantastiese gevoel wanneer jy iets verstaan wat jy nie voorheen nie kon snap nie, of wanneer jy vir die eerste keer sin uitmaak van 'n onberekenbare faktor.

Ons noem dit leer hoe om te dink ... hoe om as 'n leier te dink.

Ons het leiers nodig wat helder en kritiese denkers is. En by die USB ontwikkel ons hulle. Trouens, ons wil jou graag ontwikkel as 'n leier wat kan dink.

Professor John Powell
Direkteur
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool

VOORWOORD DEUR DIE PROGRAMHOOF

As ontwikkelaar van mensekapitaal en van talent in leiers en bestuurders besef jy hoe bemagtigend afrigting is. Dalk het jy die vrugte van suksesvolle afrigting persoonlik ervaar of gesien hoe kollegas en eweknieë dit tot hul voordeel benut. 'n Afrigtingsbestuurstyl kan inderdaad 'n sterker prestasiekultuur kweek terwyl dit terselfdertyd voortgesette groei ondersteun.

As jy 'n loopbaan as bestuursafrigter oorweeg, bied die USB se Meestersgraad in Filosofie in Bestuursafrigting jou die geleentheid om 'n professionele kwalifikasie te bekom en om jou eie benadering tot afrigting te ontwikkel. Kortom: Hierdie MPhil sal help om jou geloofwaardigheid en kundigheid as afrigter in Suid-Afrika se veeleisende sakewêreld te vestig.

Hierdie program bied 'n unieke kombinasie van volwasseleer-benaderings om jou afrigtingstalent deur werk-gebaseerde leer en bewys-gebaseerde praktyk te slyp. Kennis word oorgedra deur klaskamerlesings, afrigtingspraktyk, self-lees, uitdagende opdragte en supervisie. Ons gebruik wêreldklas-fasiliteerders en bied verskillende vorms van ondersteuning om voortgesette professionele ontwikkeling deur die program te verseker.

Jy leer ook uit die kennis, ervaring, persoonlike eienskappe en energie wat jou medeleerders na die tafel toe bring. Jy sal uitgedaag en bevraagteken word terwyl daar terselfdertyd van jou verwag word om medeleerders uit te daag en te bevraagteken.

Dr Salomé Van Coller-Peter
Programhoof: MPhil in Bestuursafrigting
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool

WAAROM IS BESTUURSAFRIGTING NODIG?

Die waarde van bestuursafrigting

Die MPhil in Bestuursafrigting van die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool is ontwerp om afrigters met die teoretiese en praktiese kennis toe te rus sodat hulle mense in bestuurs- en leierskaprolle kan help om hul volle potensiaal met behulp van bestuursafrigting te ontwikkel.

Bestuursafrigting stel bestuurders in staat om daardie leierskapbevoegdhede te ontwikkel wat hulle nodig het om die potensiële uitdagings van hoër maatskappyposte aan te gryp. Dit help hulle ook om sin uit te maak van die talle stelsels en netwerke wat betrokke is en wat dikwels teenstrydige verwagtinge skep.

Daar is oral in die wêreld, maar veral in Suid-Afrika, 'n toenemende en dringende behoefte aan die dienste van professionele bestuurs- en leierskapafrigters. Hierdie behoefte het verskeie oorspronge: dit word veroorsaak deur die vinnige opgang van jong bestuurders, veelvoudige eise aan bestuurders om toenemende kompleksiteit te hanteer, en die feit dat talentvolle bestuurders al meer mobiel word en bevoegde opvolgers nodig het. Maatskappye begin ook besef dat die beste afrigters om op staat te maak dié is wat behoorlik opgelei en geakkrediteer is. Dit is waarom talle bestuurders nou die dienste van professioneel gekwalifiseerde afrigters benut om hul leer- en loopbaanvordering te fasiliteer.

Huidige tendense in talentbestuur en Beste maatskappye om by te werk-opnames toon dat bestuursafrigting toenemend gebruik word vir opvolgbeplanning, gedragsaanpassing, die opbou van verhoudings en beter spanwerk. Afrigting word ook gebruik om 'n kultuur van sterk ondersteuning en omgee in maatskappye te skep.

Die USB se MPhil in Bestuursafrigting bied aan studente die geleentheid om hul kennis uit te brei en 'n kwalifikasie in bestuursafrigting te bekom. Die program voldoen aan internasionale beste praktyk terwyl dit terselfdertyd klem lê op bestuursafrigting in 'n unieke Afrika-konteks wat deur diversiteit en verskillende kulturele en opvoedkundige agtergronde gevorm word.

Die enigste SAKO-geakkrediteerde bestuursafrigtingsgraad in SA

Die USB se MPhil in Bestuursafrigting is die enigste meestersprogram in bestuursafrigting wat ten volle deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) geakkrediteer is. Die graad is ook internasionaal deur die European Foundation for Management Development based in België geakkrediteer.

Vyf kampus-gebaseerde blokke en 'n navorsingsverslag oor twee jaar

Hierdie werk-gebaseerde modulêre program (blokprogram) duur twee jaar. Deelnemers moet in die eerste jaar vier klaskontakblokke (van 'n week elk) op die kampus bywoon en in hul tweede jaar die laaste blok bywoon en 'n navorsingsverslag afhandel. Studente kan dus studeer terwyl hulle voltyds werk. Dit stel ook professionele praktisyns van oral in Suid-Afrika en elders in staat om vir die graad in te skryf.

Die sperdatum vir aansoeke is 31 Oktober elke jaar. Die program begin elke jaar in Februarie.

OP WIE IS HIERDIE GRAAD GERIG?

Hierdie program is 'n waardevolle kwalifikasie vir diegene wat met die mense-aspek van kennisoordrag werk en vir diegene wat groei ondersteun, help om persoonlike groei en prestasie te verbeter, en die vorming van sinvolle verhoudings, spanwerk en kultuurskuiwe in organisasies fasiliteer. Dit is dus gerig op bestuurders, leiers, kundiges wat mensekapitaal ontwikkel en leerfasiliteerders in alle bedryfsrigtings.

MEER OOR DIE PROGRAM

Onderskeidende kenmerke van die program

- **Internasionale en SA akkreditasie:** Die USB se MPhil in Bestuursafrigting is internasionaal deur EQUIS van die European Foundation for Management Development geakkrediteer. Dit is ook die enigste meestersprogram in Bestuursafrigting wat ten volle deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) geakkrediteer is.
- **Werk-gebaseerde afrigting:** Die graad beklemtoon die tersaaklikheid van werk-gebaseerde afrigtingsbevoegdhede.
- **Internasionale toepassing met plaaslike spesialisering:** Die inhoud van hierdie graad voldoen aan internasionale bedryfstandaarde. Terselfdertyd is dit uiters relevant vir Suid-Afrikaanse bestuurders en leiers omdat dit die diversiteit, tradisies en multikulturele omgewings van Suid-Afrika en die Afrika-vasteland in ag neem.
- **Hoog aangeskrewe en kundige aanbieders:** Studente kry die voordeel van die unieke bydraes en denkleierskap van plaaslike kundiges wat baanbrekerswerk op die gebied van bestuursafrigting in Suid-Afrika gedoen het. Vandag speel die meeste van hierdie aanbieders 'n leidende rol in die voortgesette ontwikkeling van afrigters oor die hele wêreld. Daarby beskik net 'n handjievol mense wêreldwyd oor 'n doktorsgraad in afrigting. 'n Aantal van hulle gee klas en doen assessering op die USB se MPhil in Bestuursafrigting.
- **Omvattende ondersteuning:** Studente word op verskillende vlakke ondersteun. Dit sluit in supervisie, studieleiding, en ook ondersteuning deur medestudente.

Leerfilosofie

Die leerfilosofie van die program is op die volgende gegrond:

- **Die integrasie van teorie en praktyk:** Hierdie graad bied aan leerders die teoretiese sowel as praktiese onderbou sodat hulle professionele afrigtingspraktyk kan gebruik om met selfvertroue tot die wêreld van werk by te dra deur bestuurders en leiers met die ontginning van hul volle potensiaal te help. Die teoretiese deel van die kursus bestaan uit 'n klasprogram, gevallestudies, groepklasse en take terwyl die praktiese deel hoofsaaklik uit afrigting ontvang en gee, supervisie, en navorsing en ontwikkeling bestaan.
- **'n Outentieke afrigtingstyl:** Leerders word aan verskeie afrigtingsmodelle, benaderings en raamwerke blootgestel. Terselfdertyd word elke individu aangemoedig om benaderings en raamwerke te ontdek en daarmee te eksperimenteer sodat hy/sy 'n persoonlike en outentieke raamwerk, benadering en styl van afrigting kan ontwikkel.
- **Internasionale toepassing met plaaslike spesialisering:** Die program voldoen aan internasionale beste praktyk terwyl dit terselfdertyd klem lê op bestuursafrigting in 'n unieke Afrika-konteks wat deur diversiteit en verskillende kulturele en opvoedkundige agtergronde gevorm word. Dit is veral vir Suid-Afrikaanse bestuurders en leiers van belang omdat dit die diversiteit, tradisies en multikulturele omgewings van hierdie land en die Afrika-vasteland in ag neem.
- **Praktiese ervaring:** 'n Groot deel van die waarde van hierdie werkgebaseerde program lê in die praktiese toepassing van afrigting in die werkplek tydens die program. Dit verseker deelnemers van blootstelling aan regte-wêreld afrigting terwyl hulle toegang kry tot inligting en ondersteuning op verskeie platforms. Die navorsings- en ontwikkelingsgedeelte van die program moet in die student se eie werkomgewing uitgevoer word. Dit lei tot die ontwikkeling van bevoegdhede wat op regte-wêreld ervaring gegrond is.
- **Omvattende ondersteuning:** Deelnemers ontvang omvattende ondersteuning oor die hele verloop van die program. Dit sluit die volgende in: supervisie, voortgesette professionele ontwikkeling en onderrig. Studente word ook op grond van hul leerstyle en woonplek in leertriades (ondersteuningsgroepe van medestudente) ingedeel. Studente word aangemoedig om met nuwe benaderings in hul leertriades te eksperimenteer.

Leeruitkomste

Suksesvolle deelnemers sal ná afloop van die program die volgende kan demonstreer:

MEER OOR DIE PROGRAM *(vervolg)*

- Verstaan individuele afrigtingsraamwerke en -modelle wat die onderbou van professionele afrigtingspraktyk vorm
- Verstaan die veelvoudige teoretiese perspektiewe op afrigting
- Pas hierdie teorieë in die praktiese en professionele afrigtingsomgewing toe
- Onderneem self-bepalende leer en aanvaar verantwoordelikheid vir self-leer
- Werk in 'n omgewing wat deur situasies gekenmerk word wat jou persoonlike oortuigings en etiese vertrekpunte uitdaag
- Kommunikeer duidelik met kliënte en bestuur een-tot-een verhoudings eties en professioneel
- Ontleed en integreer teorie en multi-kliëntervarings
- Herwin en verwerk inligting, en maak afleidings uit kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting
- Monitor die groei en vordering van kliënte krities maar billik terwyl jy self uit die interaksies leer
- Verstaan afrigtingspraktyk wat met jou outentieke afrigtingsraamwerk en model ooreenstem
- Lewer 'n navorsingsverslag wat aan die standaarde van wetenskaplike navorsing en professionele verslagskrywing voldoen.

Programformaat

Hierdie modulêre program (blokprogram) oor twee jaar bestaan uit twee fases: 'n klasprogram wat op die USB-kampus aangebied word, en navorsing en ontwikkeling wat in die student se eie werkomgewing plaasvind.

- **Fase 1 – klasprogram:** Studente woon in die eerste jaar vier blokke van een week elk op die USB-kampus by. Hulle word gedurende hierdie tyd aan verskeie modelle blootgestel om hul eie spesifieke raamwerk vir afrigting te ontdek. Afrigtingspraktyk, gevallestudies en take vorm deel van hierdie fase van die program.
- **Fase 2 – professionele assessering:** Studente se afrigtingsbevoegdhede word geassesseer ten opsigte van hul vermoë om hul eie persoonlike afrigtingsbenadering en -styl oor te dra en ten opsigte van die outentieke vertoon van afrigtingsvaardighede wat met hul eie model ooreenstem. Hierdie fase duur een week aan die begin van die tweede jaar.
- **Fase 3 – navorsing en ontwikkeling:** Studente moet in hul tweede jaar van registrasie 'n navorsingsverslag voltooi. 'n Studieleier sal gedurende hierdie fase aan elke student toegewys word op grond van die student se belangstellingsveld. Studente kan 'n aantal gesig-tot-gesig sessies met hul studieleiers reël om enige afrigtingsaangeleenthede te bespreek. Die koste van tot vyf van hierdie sessies is by die onderriggelde ingesluit.
- **Deurlopend – triade-praktyk, supervisie en afrigting:** 'n Beduidende deel van die student se reis bestaan uit afrigting gee en ontvang. Studente moet 40 uur van afrigting aanbied en 20 uur van afrigting ontvang (alles vir die student se eie rekening).

Datums vir die leermodules

- **Oriëntering:** 20 – 21 Januarie 2012
- **Module 1:** 20 – 24 Februarie 2012
- **Module 2:** 14 – 18 Mei 2012
- **Module 3:** 13 – 17 Augustus 2012
- **Module 4:** 5 – 9 November 2012
- **Module 5:** 28 Januarie – 1 Februarie 2013 (professionele assessering)

Datums vir supervisie vir 2012-groep

- 30 – 31 Maart 2012
- 16 Junie 2012
- 29 September 2012
- 8 Desember 2012

Dosente

Vooraanstaande akademici van Suid-Afrika gee klas op die program in samewerking met internasionaal gerespekteerde en erkende bestuursafrigters. Die programhoof van die USB se MPhil in Bestuursafrigting is dr Salomé van Coller-Peter. Sy het 'n DProf in Afrigting van Middlesex Universiteit in Londen, Brittanje.

NKR-vlakke

NKR Vlak 9 (nuwe tien-vlak raamwerk); 180 krediete.

Onderrigtaal

Engels

STRUKTUUR EN INHOUD

Die klasprogram van die MPhil in Bestuursafrigting is oor vyf fases van een week elk versprei. Deelnemers moet tussen hierdie fases met die volgende voortgaan: die toepassing van afrigting in die praktyk, eksperimentering met nuwe benaderings in hul leertriades (ondersteuningsgroepe wat uit medestudente bestaan), die afrigting wat hulle self ontvang en besinnende werk. Hulle neem ook deel aan supervisiedae waar hul gevallestudiewerk bespreek word en waar veelvoudige lense gebruik word om hul begrip van hul eie professionele praktyk te versterk.

Die program word afgelewer deur 'n klasprogram van lesings, groepstudieklasse, gevallestudies, take, praktiese werk en onafhanklike navorsing. Die klasprogram dek die volgende:

- **Module 1:** Oriëntering tot afrigting; Leerteorie en leerstyle; Volwasse leer en self-georganiseerde leer; Vorming van triades; Positiewe sielkunde; Stelselsteorie en die relevansie daarvan in bestuursafrigting; Etiek in afrigting; Voortgesette professionele ontwikkeling (die kuns van refleksie); Integrale afrigtingsmodel; vaardigheidsoefeninge; Supervisie.
- **Module 2:** Afrigtingsraamwerke; Die sakeafrigtingsproses; Afrigting vir prestasie; Ervaringsmodelle vir afrigting; Die rol van afrigting in die implementering van strategie; Navorsing en ontwikkeling; Voortgesette professionele ontwikkeling; Taak; Gevallestudies; Vaardigheidsoefeninge; Supervisie.
- **Module 3:** Afrigting vir organisatoriese ooreenstemming; Leierskap en Transformasie; Spanbenadering tot afrigting; Navorsing en ontwikkeling; Taak; Vaardigheidsoefeninge; Supervisie.
- **Module 4:** Die raakvlak tussen sielkunde en afrigting (die verkenning van persoonlike grense); Rasionele emotiewe terapie; Leergesprekke: Verken die afrigtingsgesprek in die konteks van Afrika se vertelkunstradisies; Leergesprekke deur stories te vertel; 'n Integrale benadering tot eksistensiële afrigting in 'n multikulturele wêreld; 'n Ervaringsbenadering tot afrigting; Navorsing en ontwikkeling; Vaardigheidsoefeninge; Supervisie.
- **Module 5:** Professionele assessering van die student se leerreis; Praktiese assessering van afrigtingsmodel en -raamwerk; Praktiese assessering van afrigtingsvermoë deur 'n paneeldemonstrasie; Verslagskrywing; Beoordeling; Gesprek met studieleiers; Supervisie.

Die USB behou die reg voor om die inhoud van die vakke te wysig en om vakinhoud te kombineer om leerareas beter te integreer. Dit is in belang van die voortgesette verbetering van die kurrikulum.

WAT MOET VOORNEMENDE STUDENTE NÓG WEET?

Toelatingsvereistes

Die volgende word vereis vir toelating tot die USB se MPhil in Bestuursafrigting:

- 'n Honneursgraad, OF
- 'n Vierjarige professionele Baccalaureus-graad, OF
- 'n Driejarige Baccalaureus-graad en 'n nagraadse diploma.

Belangrik: Aansoekers moet ten minste 4 jaar se werkervaring op die gebied van mensebestuur hê. Psigometriese toetse kan aangevra word. Kandidate se vorige akademiese kwalifikasies moet ten minste op NKR Vlak 8 wees.

Assessering en Erkenning van Vorige Leer

'n Beperkte aantal studente kan vir die program inskryf op grond van die Universiteit van Stellenbosch se beleidsraamwerk vir die Assessering en Erkenning van Vorige Leer (AEVL). AEVL-kandidate moet 'n omvattende portefeulje van hul ervaring saamstel waarin hulle demonstreer dat hulle oor dieselfde vlak van kennis, bevoegdhede en vaardighede beskik as diegene met formele opleiding. Daar kan van voornemende kandidate verwag word om hul portefeuljes aan twee senior akademici van die USB voor te lê en vir 'n indiepte onderhoud voor te berei.

Krediete wat elders verwerf is

Kandidate wat 'n Sertifikaat in Afrigtingspraktyk by USB Bestuursontwikkeling Bpk (USB-BO) of 'n soortgelyke kwalifikasie verkry het, moet vanaf 2012 vir die volledige MPhil in Bestuursafrigting inskryf.

Studiemateriaal

Belangrike handboeke en ander studiemateriaal word aan studente verskaf en die koste hiervan is by die onderriggelde ingesluit. Hierdie boeke word die eiendom van die student.

Aanvang van akademiese jaar

Februarie elke jaar

Sperdatum vir aansoeke

31 Oktober van elke jaar

HOE OM AANSOEK TE DOEN

Kort oorsig

Jy kan aanlyn op die USB se webwerf aansoek doen. Maar eers moet jy 'n essay skryf en jou aansoekgelde betaal.

Skryf 'n essay

Skryf 'n besinnende en omvattende essay waarin jy die volgende uitlig:

- Hoe weerspieël jou leerreis tot dusver jou persoonlike groei om 'n afrigter te kan word? Hoe motiveer hierdie bewustheid jou om die MPhil in Bestuursafrigting te doen?
- Hoe gaan jy die groot aantal leerure, leeswerk en afrigting van die program hanteer?
- Wat verwag jy om uit hierdie leerreis te haal?
- Waarom moet jy tot die program toegelaat word?

Aansoekproses

- Betaal jou aansoekgelde (bank: Standard Bank; soort rekening: tjekrekening; rekeningnommer: 073003069; taknaam: Stellenbosch; takkode: 050610; SWIFT-kode: SBZAZAJJ).
- Doen aanlyn aansoek op die USB se webwerf by www.usb.ac.za/coaching.
- Skandeer al die ondersteunende dokumentasie in wat jou aansoekpakket moet vergesel en laai dit op:
  - Omvattende CV
  - Besinnende essay
  - Gewaarmerkte afskrifte van alle akademiese rekords en graad- en/of diplomasertifikate
  - Inbetalingsbewys van aansoekgelde
  - Afskrif van ID (of paspoort waar studente nie Suid-Afrikaners is nie)
  - 'n Huweliksertifikaat (waar die aansoeker se nuwe van nie met dié op die graadsertifikate ooreenkom nie).

Belangrik: Die aansoekproses word tans meer vaartbelyn gemaak en daar kan van aansoekers verwag word om 'n volledige aansoekpakket aan die USB te stuur. Waar dit nodig is, sal die aansoekbeampte regstreeks vir die aansoekers skakel. In sulke gevalle moet aansoekpakkette gestuur word aan: Die Toelatingskantoor (MPhil in Bestuursafrigting), Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool, Posbus 610, Bellville 7535, Suid-Afrika.

Wat gebeur nadat jy jou aansoek ingedien het?

Volledig ingevulde aansoeke gaan deur die USB se seleksieproses. Kandidate kan gevra word vir 'n onderhoud deur 'n USB-paneel. Die uitkoms van die seleksieproses word binne 30 dae of kort daarna bekend gemaak.

PROGRAMGELDE

	2012	2013[1]	TOTAAL
Volle programgelde vir studente van Suid-Afrika en lande van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG)			
Bestuursafrigting	R50 600	R63 250	R113 850
Programgelde vir studente van die res van Afrika			
Bestuursafrigting	R73 400	R63 250	R136 650
Programgelde vir studente van die res van die wêreld			
Bestuursafrigting	R107 600	R63 250	R170 850
Aansoekgelde[2]			R1 760
Deposito[2]			R7 700

1 Die gelde vir 2013 (d.w.s. vir die tweede jaar van registrasie) word aangepas om vir prysverhogings voorsiening te maak.

2 Op alle aansoekers van toepassing.

Belangrik

- *Studente is vir hul eie reis- en verblyfreëlings verantwoordelik.*
- *Aansoeke moet vergesel word van die inbetalingsbewys van die aansoekgelde.*
- *'n Deposito is by aanvaarding van toelating betaalbaar en dit word van die eerste jaar se klasgelde afgetrek. Die deposito is nie terugbetaalbaar nie.*
- *Die USB behou die reg voor om die gelde te eniger tyd te wysig.*

MEER OOR DIE USB

Die kampus op die koppie

Die USB is in Bellville buite Kaapstad geleë. Die USB se kampus is sowat 35 km van die Universiteit van Stellenbosch se hoofkampus op Stellenbosch.

Portefeulje van akademiese programme

Die USB bied die volgende programme aan: 'n MBA, 'n PhD, MPhil-grade in Bestuursafrigting, Ontwikkelingsfinansies en Toekomstudie, nagraadse diplomas in Dispuutbeslegting en Leierskap, en bestuursopleiding. Die USB se programme is almal internasionaal deur EQUIS geakkrediteer.

Akkreditasie, lidmaatskap en erkenning

- **EQUIS-akkreditasie** van die European Foundation for Management Development in België – dit is op die USB en al sy programme van toepassing
- **AMBA-akkreditasie** van die Association of MBAs in the UK – dit is op die USB se MBA van toepassing
- **EDAMBA-lidmaatskap** van die European Doctoral Programmes Association in Management and Business Administration – dit is op die USB se PhD van toepassing
- **RHO-akkreditasie** deur die Suid-Afrikaanse Raad op Hoër Onderwys – van toepassing op al die USB se grade
- **Beyond Grey Pinstripes-lys van 100 topskole** van die Aspen-Instituut in New York, VSA – die USB is 39ste op hierdie lys van vooraanstaande skole in die wêreld wat studente vir die omgewings-, maatskaplike en etiese kompleksiteite van die sakeomgewing voorberei
- **EDUNIVERSAL** se globale opname, Frankryk – die USB het 'n A-gradering as 'n "universele bestuurskool met belangrike internasionale invloed" ontvang
- **Die EFMD se Globally Responsible Leierskap Initiative (GRLI)**, wat op die herformulering van die doel van bestuursopleiding gerig is – die USB is 'n lid
- **Die VN se Principles for Responsible Management Education (PRME)** – die USB is een van die eerste 100 bestuurskole en universiteite wêreldwyd wat hierdie VN-gesteunde globale inisiatief onderskryf wat korporatiewe verantwoordelikheid en volhoubaarheid in sakeopleiding bevorder
- **Die Global Business School Network (GBSN)**, wat bestuursopleiding as 'n deurslaggewende komponent van internasionale ontwikkelingstrategieë bevorder – die USB is 'n lid
- **Voorste bestuurskoolverenigings** – die USB is 'n lid van die Association to Advance Collegiate Schools of Business (AACSB), European Foundation for Management Development (EFMD), Global Business School Network (GBSN), Association of African Business Schools (AABS) en die Vereniging van SA Bestuurskole (SABSA).

Internasionale samewerking

Die USB het homself as 'n kennisvennoot van die wêreld in Afrika en van Afrika in die wêreld geposisioneer. Dit is waarom die USB se programme 'n internasionale sowel as plaaslike fokus het. Die USB se internasionale EQUIS-akkreditasie bevestig ons gehaltestandaarde aan al ons belanghebbers – ook voornemende studente. Die USB se studente trek ook voordeel uit die USB se samewerkingsooreenkomste met meer as 75 internasionale bestuurskole deur uitruilstudie-opsies, gesamentlike navorsingsprojekte en internasionale dosente.

Betrokkenheid by die samelewing

Dit is vir die USB belangrik om positief en verbeeldingryk by samelewingskwessies betrokke te wees. Die USB se programme omskep hierdie betrokkenheid in 'n werklikheid deur praktiese gevallestudies en verskeie ander inisiatiewe.

Kritiese denke

Vyf navorsingsentrums by die USB speel 'n belangrike rol in die skep van denkleierskap. Navorsingsuitsette word gebruik om die voortgesette relevansie van die USB se programme te verseker. Hierdie navorsingsentrums sluit in die Sentrum vir Leierskapstudies, die Sentrum vir Korporatiewe Bestuurstoesig in Afrika, Afrika-Sentrum vir Dispuutbeslegting, die *Basis van die Piramide*-Leerlaboratorium, en die Instituut vir Toekomsnavorsing.

Fasiliteite

- Die USB se biblioteek funksioneer as 'n moderne inligtingsentrum en bied toegang tot plaaslike en internasionale publikasies en databasisse.

MEER OOR DIE USB *(vervolg)*

- Inligtings- en kommunikasietegnologie sluit in kabelvrye breëband internettoegang, rekenaargesteunde leer en sagtewarepakkette soos McGregors BFA Net, I-Net Bridge, Reuters en ISM.

Ondersteuningsdienste

Kliënte- en ondersteuningsdienste aan studente word deur die volgende kontakpunte gelewer:

- **USB-Loopbaandienskantoor:** Bied ondersteuningsdienste soos loopbaanstrategiesessies, voorbereidingsessies vir werkonderhoude en ander hulpbronne wat studente met hul studies en loopbaanbeplanning kan help.
- **Toelatingskantoor:** Verskaf bystand met die MBA-aansoekproses.
- **Akademiese Administrasie:** Verskaf deurlopende akademiese steun aan studente.
- **Kantoor vir Internasionale Aangeleenthede:** Verskaf bystand aan buitelandse en uitruilstudente.
- **USB-Alumnivereniging:** Bied aan alumni voortgesette leergeleenthede, netwerkfunksies, werkwinkels, die **Leader's Angle**-aanbiedings, e-nuusbriewe, 'n tydskrif, 'n navorsingstydskrif en 'n webportaal.

Akkommodasie

Die Bellvista Herberg op die USB-kampus bied gerieflike akkommodasie wat ideaal is vir kort tye van verblyf. Twee kafeterias op die kampus bied etes en versnaperinge. Kontak die bestuurder aan diens by +27 (0)21 918 4444 of gaan na www.usb.ac.za/bellvista/.

KONTAKBESONDERHEDE

Vir internasionale oproepe: Sit +27 vooraan die nommer en laat die eerste 0 weg.

Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool

Posadres

Posbus 610, Bellville 7535, Suid-Afrika

Straatadres

Carl Cronjérylaan, Bellville 7530, Kaapstad, Suid-Afrika

Telefoon

0860 USB USB (0860 872 872)
021 918 4246; internasionaal +27 21 918 4246

E-pos

usbcom@usb.ac.za

Webwerf

www.usb.ac.za/coaching

MPhil in Bestuursafrigting

Navrae oor aansoeke

Skakel Libby Kok by 021 918 4246, of e-pos MCoaching@usb.ac.za

Posadres vir aansoekpakkette vir die MPhil in Bestuursafrigting

Toelatingskantoor, MPhil (Bestuursafrigting), Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool, Posbus 610, Bellville 7535, Suid-Afrika



USB
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool

UNIVERSITEIT
STELLENBOSCH
UNIVERSITY